

Methodiek & Praktijk

Die Bybelkring

'n Bybelstudie vereniging van die Vrye Gereformeerde Kerke in Pretoria – Suid-Afrika

In *WegWijs* gevee we regelmatig ruimte aan ervarings van besondere bijbelstudieverenigings.* Deze keer die ervarings van een bijbelstudievereniging ver weg en in het Afrikaans.

Die Bybelkring is 'n oorgang van die jeugvereniging na die manne of vroue vereniging. Dit het in die vroeë negentigs ontstaan toe daar 'n behoefte gekom het om mans en vrouens saam te vergader. Die leeftydsgroep wissel tussen omtrent 25 en 70+ jaar wat 'n unieke karakter aan die Bybelkring gee betreffende tipe vrae, kennisvlakke, ervaringe en dies meer.

Die meerderheid lede tans is tog maar jong getroude paartjies asook ouers met jongerige kinders. Dit bied dus die geleentheid dat man en vrou dieselfde onderwerp kan bespreek en deel. Van wyse lede tot soekende lede neem almal getrou deel aan die gesprekke.

Die Bybelkring vergader elke Woensdagaand by die inleier(ster) se huis. Die lede ontvang almal 'n inleiding wat deur die inleier voorgelees word. Die bespreking begin gewoonlik met 'n vraag van een van die lede.

Per jaar probeer ons 'n Bybelboek te bespreek, maar wanneer die boek klein is word dit aangevul met bespreking van belydenis geskrifte, kerkgeskiedenis en 2 tot 3 vrye onderwerpe per jaar. Onderwerpe wat tans behandel word is Apostoliese Geloofsbelydenis (aan die hand van die Heidelbergse Kategismus Sondag 8-23) en Kerkgeskiedenis. Die Dordtse Leerreels is ook aangepak en is met die hand van die Bybel bestudeer.

'n Nederlandse boek *Lichtende Verbintnisse* van Joh. Francke is deur een van ons lede vertaal na Afrikaans en is daarna as besprekingsmateriaal deur die jaar gebruik. Dit was baie interessant en insiggewend en het die verbond in 'n totale ander lig geplaas.

Vrye onderwerpe gee die inleier wat aan die beurt is 'n eie keuse waaroor die vergadering sal handel. 'n Onderwerp wat ons dié jaar al bespreek het is: *Die wyse van begrafnis en die belofte van die opstanding van die liggaam.*

Gereeld word daar 'n Preekbespreking gehou, dan bespreek ons 'n preek wat deur die inleier gekies is. Die preek is dan die inleiding vir die aand. Ds. K.J. Kapteyn het verlede jaar ons kom toespreek oor hoe ons na 'n preek luister en dit 'beoordeel'.

By elke vergadering is daar aan die einde geleentheid vir 'n bydrae. Jaarliks word 'n geldelike bydrae vir 'n spesifieke doel gegee. (Vorige jaar het ons 20 Bybels vir sendingsgemeente in Soshanguve geskenk.)

Kaartjies word gestuur vir gelukwense, siekes en meelewe aan gemeentelede.

Die vergaderings word met 'Lief en Leed' afgesluit waar daar ook in die besonder sekere persone en gebeure in ons gesamentlike gebed opgedra word aan die Here. Dit moedig die gemeenskap van die heiliges baie sterk aan. Innige meelewe in vreugde en verdriet tussen lede word ervaar.

Die laaste vergadering van die jaar is 'n afsluitingsaand by een van die lede se huis. Almal bring iets (eet-/drinkgoed). Dit is gewoonlik 'n gesellige aand wat ingevul word met sing van psalms, terugblik op die afgelope jaar en daar word gedink aan moontlik onderwerpe vir die volgende jaar, 'n speletjie soos byvoorbeeld Bybel-Pictionary of Bybel-vasvra, en verder kuier die lede saam.

Ons oudste lede, Rein en Trynie van der Berg, vertel: “Enige jare gelede het ons vanuit Pietersburg na Pretoria getrek. Deurdat my vrou nie in die donker 'n motorvoertuig durf bestuur nie het ons na 'n moontlikheid gesoek om saam aan 'n Bybelstudie groep te kan deelneem. Ons het toe 'n gemengde Bybelstudie groep besoek wat in die kerkblad nuwe deelnemers gevra het. Groot was ons skrik toe ons as sewentig jariges in 'n Bybelstudiegroep beland van almal jong getroude egpare waarvan nog geen een bo die dertig jaar oud was nie. Ons is egter hartlik welkom geheet en het die aand geniet en gevra om aan te sluit. Sodat ons nou al enkele jare met hulle in goeie harmonie en met vrug saam vergader. Deurdat egpare normaal met kinders geseën word is die vergadering om die beurt by die deelnemers aan huis en word die kinders in 'n reiswieg saam gebring, totdat dit deur die groter word van die kinders en groei van die gesin nie meer moontlik is nie. Hulle gaan dan meestal oor na aparte manne en vroue Bybelstudiegroepe wat nie op dieselfde aand saam kom nie. Gevolg is dat ons jong bly deurdat steeds weer jong getroudes aansluit.”

Om af te sluit mag ons terugkyk na 'n geseende en vrugbare tyd wat ons persoonlik gehad het in die Bybelkring. Jy kan sien en ervaar dat jy nie alleen in kennis maar ook in jou persoonlike geloofslewe mag groei. Dit is ook vertroostend om te mag weet dat ons ook mekaar daarin mag ondersteun. Meestal gaan 'n mens ryper en voller terug huistoe. Ten spyte van 'n besige en gejaagde lewe bied die Bybelkring elke Woensdagaand weer die geleentheid om by God se genade werk weer te mag stil staan en om dit ook met mekaar te deel. Dis 'n ideale gedissiplineerde manier om weer geestelik verfris die persoonlike en werksweek weer aan te pak. Mag God se genade en sien op ons almal rus om hom getrou te mag leer ken deur die studie van sy woord en die aanroep van sy gebede. Ons bede is dat verdere beplanning en besprekings deur die Here geseën sal word tot opbou van sy Koninkryk.

Tans het ons 'n ledetal van 26 lidmate:

Pieter & Jennie Boon
Herman & Francoise de Jager
Marinus & Yolanda de Jager
Rinus de Jager
Roelof & Ronel de Jong
Jan & Juliet de Mooij
Theo & Janneke de Vries
Folkert & Thea Drijhout
Gerrit & Anita Kamphuis
Wolter & Anita Miske
Hein & Margreet Smit
Hennie & Jeanne Smit
Rein & Trynie van der Berg
Arnoud van den Bout